

GEAGTE LERAAR VAN HELIKONPARK NG KERK

Na aanleiding van die advertensie wat ek op sosiale media gesien het waar julle jul Oktoberfest adverteer, rig ek graag hierdie brief aan julle. Een van die dinge wat julle adverteer is 'n biertuin. Die Oktoberfest & biertuin is sinoniem met mekaar. Ek wil sê dat, eerlikwaar, ek hewig geskok is oor hierdie advertensie & die blantante advertering van 'n bose fees. Julle wat die kerk is, jy wat 'n leraar is van die Evangelie van die Here Jesus Christus, is veronderstel om te weet wat die Woord van die Here sê rondom die orde van die wêreld, sonde, boosheid asook, heiligheid, geregtigheid, die orde van die Here ens.

1 - Oktoberfest kry sy naam van 'n fees wat in Duitsland gehou word elke jaar, wat in 1810 ontstaan het. Hierdie is 'n bierdrink fees. Tydens hierdie fees word daar ongeveer 430 000 liter bier PER DAG gedrink, sowat 6.9 miljoen liter bier tydens hierdie 16 dag fees. Veronderstel een bier kos slegs R15 per liter, dan kos 6.9 miljoen liter bier ongeveer R103.5 mil. So, die fees wat julle as gemeente hou/promoëer se oorsprong en statistiek is skokkend!

2 - Wanneer jy slegs na Suid Afrika se statistiek gaan kyk, sal jy sien dat die meeste van Suid Afrika se probleme soos bv: kindermishandeling, kinderverwaarlosing, geweld teen vrouens en kinders, motorongelukke, gebroke huwelike, gebroke verhoudings, misdaad, losbandigheid, onsedelikheid en armoede 'n direkte resultaat is van drank. Indien jy dalk dink hierdie statistiek is nie waar nie, moedig ek jou aan om net ondersoek in te stel op die internet of, nog beter, ry na jou naaste polisie-stasie en welsyn kantoor en vra hulle uit oor wat die meeste oorsake is van kindermishandeling, verwaarlosing, motor ongelukke ens... Gaan kyk wat is die nommer een rede waarom mense in ongelukke sterf, reg oor die wêreld, dit is naamlik alkohol.

3.1 - Alkohol & die Woord van die HERE! Het die Lewendige Seun van God na die aarde gekom om wyn te maak wat dronk maak? Dieselfde wyn wat mense se lewens verwoes en die oorsaak is van so baie hartseer en gebrokenheid? Het die Seun van God aarde toe gekom om drankgebruik goed te keur, drank wat hierdie bogenoemde statistiek en ander statistieke deel van maak, goed te keur? Het die Heilige Seun van God onse HERE JESUS CHRISTUS, dan Sy Heilige Troon verlaat, die gestalte van 'n mens aangeneem, Homself verneder, verneder tot die dood aan die kruis om hierdie statistiek goed te keur of om drank of hierdie fees goed te keur? KEUR HY HIERDIE FEES OF 'n BIERTUIN GOED? Dit is 'n eenvoudige vraag wat 'n eerlike antwoord het. Dis of ja of dit is nee.

3.2 - Is die Seun van God: Heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sonde? Is Hy vol ontferming & vertroosting? Is Hy vol van waarheid en genade? Het die Seun van God al ooit gesondig? Hierdie vrae is retories van aard. As jou antwoord ja is, dan hoe kan hierdie selfde Seun Van God 'n biertuin instel, seën, goedkeur & dit onder Sy Naam/Vaandel? Alkohol word in sy nature gevind in enige of al die teenoorgesteldhede van my vrae.

Is die Kerk en die invloed wat die kerk in ons gemeenskap het nie veronderstel om die geregtigheid van God te verkondig nie? Is die kerk nie veronderstel om 'n plek van aanbidding te wees nie? Is die kerk nie veronderstel om 'n plek van herstel te wees nie? Waar 'n drank verslaafde kan kom & vrymaking ontvang & 'n pad van oorwinning te stap nie? Die

“Oktoberfest” en julle biertuin bring totale afbreuk aan die beeld wat die kerk veronderstel is om te wees.

4.1 - My stelling/vraag is dit: Hoe kan julle hierdie fees & ‘n biertuin goedkeur? Die Woord van God sê immers:

1 Joh 2:15 Moenie die wêreld liefhê of **die dinge wat in die wêreld is nie**. As iemand die **wêreld liefhet**, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie.

1 Joh 2:16 Want **alles wat in die wêreld is**—die **begeerlikheid van die vlees** en die **begeerlikheid van die oë** en die **grootsheid van die lewe**—is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld.

Hierdie biertuin en fees wat onder die vaandel van die NG kerk gevier word, voldoen aan die bognoemde punte. Drank promofeer allerande begeerlikhede, drank promofeer sonde! Die blote feit dat julle hierdie goddelose fees asook 'n biertuin na die kerk bring, is absoluut werelds

Bid julle gemeente ook vir herlewing vir hierdie land? Wil julle ook graag hê ons volk moet die HERE dien & dat mense hulle moet bekeer na die Here? Bid julle ook dat die HERE uitkoms sal voorsien in hierdie land se krisise toestand? Hoe wil jy dit hê en bid jy dat die Here iets moet doen in hierdie land maar julle promofeer sonde, hoe wil julle hê die HERE moet op ons volk ag gee as die kerk God se standaard verlaat? As ons begeerte is dat mense hulle moet bekeer, waarvan moet hulle hul bekeer as die kerk so ‘n wereldse fees promofeer & ‘n biertuin opsit? Hoe wil ons hê God moet op ons ag terwyl die kerk van die Here nie eers die regte voorbeeld vir die wêreld kan toon nie? Dit is vir my geen wonder dat die Woord van die Here se dat die Oordeel van God by Sy huis moet begin nie (1Pet4:17)

4.2 - Jy as leraar kan dalk sê: “ek self drink nie” of “ek drink matig”. My vraag is: Wie bepaal wat matig is? En waar en wanneer is daardie maatstaaf ingestel?

Maar wat sê die Woord van die HERE?

Spr. 23:31 **Kyk nie na die wyn** as dit rooiagtig lyk, as dit sy glans gee in die beker, glad na binne gly nie...

Tit 1:7 Want 'n opsiener moet as 'n **rentmeester** van God **onberispelik wees**, nie eiesinnig, nie olopend, **geen drinker**, geen vegter, geen vuilgewinsoeker nie;

Tit 1:8 maar gasvry, een wat die **goeie liefhet**, ingetoë, regverdig, heilig, een wat homself beheers...

1Ti 3:3 **geen drinker**, geen vegter, geen vuilgewinsoeker nie, maar vriendelik; geen strydlustige, geen geldgierige nie;

Hierdie biertuin is in die eerste plek nie goeie rentmeesterskap as dit kom by geld bestuur nie aangesien dit binne die kerk of onder die kerk naam en vaandel **verkoop** word. Dit was nooit in die beplanning van die HERE, dink ek, dat drank deel van 'n kerk moet wees nie. Geld word spandeer en belê in boosheid naamlik drank. Dit is nie goeie rentmeesterskap nie, geld word verkeerd en vir sonde aangewend/belê en dan om ander mense te leer dat hulle moet geld belê in alkohol is nie 'n goeie voorbeeld van hoe mens finansies belê nie. Dit is intendeel swak rentmeesterskap van finansies, wat die Here aan ons voorsien het

Nommer 1, Die kerk staan berispelik aangesien deur die promofering van hierdie fees direkte verband hou met die oorspronklike Oktoberfest, 'n totale werelds, goddelose fees. Nummer 2, jy as leraar staan berispelik aangesien die Woord sê ons moet GEEN DRINKER wees nie.

En al drink ons nie, as ons ons goedkeuring daarvoor skenk deur om 'n biertuin te promoveer asook so 'n goddelose fees, staan die persoon skuldig voor die Here onder hierdie selfde sonde. Onthou die spreekwoord wat ons ouers ons altyd geleer het: "*die deler is net so goed soos die steler*". Wat is die moraal van daardie spreekwoord? Al skenk ek my goedkeuring vir sonde, is ek net so skuldig soos die sondaar. Die Here het ook min of meer so spreekwoord:

Rom 1:32 mense wat al ken hulle die verordening van God goed, dat die wat sulke dinge doen, die dood verdien, dié dinge nie alleen self doen nie, maar ook hulle **goedkeuring skenk** aan die wat dit doen.

Rom 2:2 En ons weet dat die oordeel van God na waarheid is oor die wat sulke **dinge doen**.

Rom 1:18 Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtheid van die mense wat in ongeregtheid die **waarheid onderdruk**...

Die kwotering van die bogenoemde tekste is binne konteks waar sonde beoefen word of goedkeuring vir sonde geskenk word & die waarheid van God se Woord onderdruk word!

Hab 2:15 **Wee** hom wat aan sy naaste **drank gee**, wat jou gif daarmee meng, en hulle ook dronk maak om hulle naaktheid te aanskou.

Hierdie weë bly staan aangesien ons weet dat God se morele standaard nie verander het nie en dat Hy steeds oor sonde vandag voel as die dag waarop Hy die aarde geskape het. Hierdie spreek selfs van wanneer ek my goedkeuring daarvoor skenk of toelaat dat dit verkoop word onder my naam/vaandel! Want sodoende GEE ek ook drank aan my naaste, deur my goedkeuring te skenk, nie waar nie? “Onthou die deler en steler voorbeeld”

Natuurlik moet ons as gelowiges die wêreld bereik met die Evangelie boodskap. Jesus self het tussen die prostitute en dronkaards gesit & geëet. Maar was dit om Sy goedkeuring daarvoor te skenk? Of was dit dalk omrede Hy vir hulle die weg van God verkondig het? My gevoel is dat dit nie verkeerd is, as gelowige, om tussen mense te beweeg wat dronkaards ens is nie, m.a.w die ongelowiges nie, want waar en hoe anders gaan ons hulle bereik! Ek oordeel nie mense (die wêreld daar buite) wat drink nie, ek stem wel nie saam oor die gebruik van alkohol nie. Maar, hierdie fees en biertuin van julle is ‘n ander saak aangesien dit onder die vaandel van julle kerk georganiseer en gepromofeer word, die wêreld kom die kerk binne en beïnvloed die kerk!! Was dit andersom, dat die kerk uitreik en gaan na ‘n biertuin om daar te evangeliseer, was daar geen probleem.

5 - Mediese feit: Die volgende stelling kan deur enige mediese dokter geverifieer word: As dit byvoorbeeld 10 biere vat om ‘n persoon dronk te maak en hy drink net een bier, is hy 1/10de onder die invloed van die alkohol en dronk. Ek sê nie deur hierdie stelling dat hy val rond nie, maar hy is reeds onder die invloed van drank en is 1/10de dronk. As daar ‘n vuur buitekant my huis se deur is en ek maak die deur 100% oop of selfs net 5% oop, die rook gaan inkom. Die sonde is soos hierdie rook. Of hulle ‘n bietjie gaan drink of baie gaan drink op Vrydagaand, die deur is oop! ‘n Bietjie suurdeeg maak die hele deeg suur!

Efes 5:18 **Moenie dronk word van wyn nie**—daarin is losbandigheid; maar word met die **Gees vervul**.

Om hierdie biertuin op te sit sodat die kerk kan drink (bietjie of baie, dronk is dronk 1/10de of 10/10de’s) is direk teen die Woord van God

1Kor 6:9 Of **weet julle nie** dat die onregverdiges die koninkryk van God **nie sal beërwe nie**?

1Kor 6:10 **Moenie dwaal nie!** **Geen** hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of **dronkaards** of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie.

Rom 13:13 Laat ons welvoeglik wandel soos in die dag, nie in brassery **en dronkenskap**, nie in ontug en ongebondenheid, nie in twis en nydigheid nie.

1Kor 5:11 maar nou skryf ek aan julle om nie om te gaan met iemand wat, al staan hy as ‘n **broeder bekend**, ‘n hoereerder is of ‘n gierigaard of ‘n afgodedienaar of ‘n kwaadspreker of ‘n **dronkaard** of ‘n rower nie; met so iemand moet julle selfs nie saam eet nie.

Hierdie konteks is natuurlik nie op die ongelowige wêreld daar buite nie, maar die kerk, dit wat binne die kerk gebeur, m.a.w, die ongelowiges is verlore en moet bereik word vir die Here Jesus, maar sonde wat in die kerk plaasvind moet onder streng teregwysing kom. Paulus het hierdie brief vir die kerk geskryf, nie vir die wêreld nie.

Spr 20:1 Die wyn is ‘n spotter, en sterk drank ‘n lawaaimaker; en elkeen wat daardeur bedwelmd raak, is **nie wys nie**.

Rom 13:14 Maar beklee julle met die Here Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy **begeerlikhede te bevredig** nie.

Wat ander doen hierdie biertuin?

Efes 4:27 en gee aan die duiwel geen plek nie.

Hoekom hierdie biertuin op ‘n Vrydag aand hou en nie op Saterdag aand nie?

Jak 3:1 Moenie baie leermeesters wees nie, my broeders, omdat julle weet dat ons ‘n groter oordeel sal ondergaan.

Ten slotte: Al wat ek deur my skrywe vandag graag wil bereik is om te sien dat hierdie biertuin nie sal plaasvind nie. Erken dat hierdie Oktoberfest uit die bese ontstaan het (want dit het verseker nie uit God ontstaan nie) en erken dat alkohol gebruik sonde is & leer ook die mense so.

As een dagga rook verkeerd is,

As een moord verkeerd is,

As een leun verkeerd is

As een losbandige daad verkeerd is

Hoeveel biere is verkeerd? En wie bepaal wanneer dit nou genoeg is en sonde word?

Dankie vir julle tyd

Deon Allers